Bet-El Posbus 218
Olifantsfontein Stad 1122
22 Mei 2011

Lara Johnstone
PO Box 5042
George East 6539

As u my verskoon skryf ek in Afrikaans maar as U korrespondensie in Engels verkies, gee my asb 'n aanduiding.

Dankie vir die Petisie dokumente. Ek waardeer enige Afrikaner of Engelse organisasie wat iets DOEN om die beskawingsvlakke en ons toekoms vir ons jong mense beter te maak.

Soos u seker weet was "selfbeskikking" my hoof politieke rigting in die krisis van die oorgangsjare na volle demokrasie. Daarom is ek altyd bereid om die begrip te verkoop. As onervare politieke leier het ek my bes probeer om in die 1996 konstitusie die begrip te vestig. Daar is verskeie artiekels in die 96 grondwet opgeneem agv. my politieke party (Vryheidsfront) se aandrang. Die eerste dokument van die Petitie "23 April 1994 Accord on Afrikaner selfdetermination" was die voorloper om in twee jaar later die 96 Konstitusie te gebruik om die

selfbeskikkings moontlikhede te vestig.

Let wel dat die bewoording van al die artikels "bemagtigend" van aard is (Enabling). Dit was teen ons wens want ons sou dit graag "verpligtende" artikels wou sien. Die ANC en die NP wou dit nie toelaat nie en het gestem op die internasionale vereiste dat selfbeskikking vir 'n minderheid slegs moontlik is as daar bewese en genoegsame steun uit die minderheid bewys word. Mns de Klerk het as leier van die NP gereël dat so'n volkstemming ~~eta~~ gehou word.

Ek noem dit omdat ek bereid is om oor die beginsel te getuig. Maar ek wil graag dit aan U organisasie stel dat :-

a. Voor enige besluit hieroor geneem kan word sal die minderheid van Afrikaners (en gesteun deur Engels=sprekende Suid Afrikaners om groter getalle en steun te verseker) bewese steun moet lewer.

b Dus waar die VVK 'n waardevolle en kritieke taak het om te vervul (die bewys te lewer!) kan U myns insiens

nie nou al 'n petisie vir 'n Boere volkstaat bevorder nie. Die groot werk wat noodwendig eers aangepak moet word is om genoegsame stem daarvoor te monster.

c. Ek glo dat as die petisie met die eerste voorlegging daarvan misluk, dit verdere pogings later gaan be=nadeel.

d. Verder was my ondervinding, en u kan maar Dr Hartzenberg van die KP ook vra, dat daar nog nie naastenby binne Afrikaner geledere hiervoor gestem gaan word nie. Let bv op dat die huidige VF (Plus) feitlik glad nie met 'n openbare uitspraak die saak bevorder nie. Dit lyk egter asof die druk en verdrukking van ons sóú behoefte in só tien jaar tydsverloop kan skep.

e Die vraag is: Wat nou gedoen? As u vir my raad vra sou ek voortgaan met 'n petisie oor die beginsel van selfbeskikking. So iets kan die blankedom inspireer want die volgende ongeveer tien-vyftien jaar kan harder jare word. Die tipe selfbe=skikking kan dan op besluit word. 'n Huidige petisie het baie geen

argumente om simpatieke uitsprake uit die stamlande te kry wat dan die basis kan vorm vir die deurslaggewende petisie op die regte tyd.

U moet verder in ag neem dat territoriale selfbeskikking nie maklik deur die internasionale wêreld goedgekeur sal word nie. Tog is daar 'n groter drang na die reg om oor jou eie lot te besluit. Die kuns in politiek is "wat is moontlik? Nie wat is waarskynlik nie! Die pad om eers ons eie mense te oortuig en dan die internasionale gemeenskap, is 'n langer pad as wat dit lyk. Die politieke swaai nou na die DA toe wat sopas gebeur het, gaan hierdie pad nog moeiliker maak.

Vir my duidelik is die nood om as Afrikaners / Engelsprekendes / konserwatiewes en Anti ANC, saam 'n "kritieke massa" te vorm wat nie polities nie maar wel op kulturele en beskawings=vlakke genoeg raakpunte te kry en ons verdeeldheid te vergeet. So'n groep het dan die reg om selfbeskikking as minderheidsgroep op te eis. Onthou "Genoegsame steun" is nie meerderheidsstem nie maar die "ja"

stem vir selfbeskikking kan nie maklik minder as sê 35% van uit so'n groep wees nie.

So ek kan u petisie help met getuienis oor die Akkoord maar ek het my twyfel oor die moontlikheid van sukses!. Ek dink nie die WVK of ou weermag sienings is baie ter sake nie.

Ek sluit in u R100 in om die koste van die petisie se reproduksie te dek.

Met vriendelike groete

Constand Viljoen.